

**En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlijkheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.**

(Openbaring 7:11-12 AFR1953)

**Sing vooraf:** Psalm 72:10 (p. 363)

- 10 Laat al die volke uit wydste kringe / aan Hom hul dank bewys  
vir matelose seëninge, / en Hom gelukkig prys.  
Klim op, my lof, na hoër sferes! / Van bowe kom die seen;  
want Isr'els God aan Hom die ere! – / doen wonders, Hy alleen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 31:3, 15 (p. 143)

- 3 U is my ewige rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.  
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.
- 15 Hoe groot is, Heer, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!  
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet sing ons Psalm 67:1 (p. 326).*

Wet

Psalm 67:1 (p. 326)

- 1 Wees ons, o HEER, wees ons genadig / en seën ons by owerloed;  
U aanskyn, laat dié weer weldadig / ons koester met sy liefdegloed;  
dat vir verste volke / deur ontslote wolke / kennislik kan breek;  
nasies met verblyding / van die blye tyding / in hul land kan spreek!

Gebed

- *Doksologie*
  - *Aanbidding*
  - *Skuldbelydenis*
  - *Vergifnis*
  - *Dank*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
  - *Algemene bede*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*
- Amen.

Skrifberyming 1-1:3 (24:3)

- 3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,  
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.  
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,  
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

Skriflesing: Jeremia 33

Teks: Jeremia 33:3

**Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.** (Jeremia 33:3 AFR1953)

Die Here se genade is baie groter as wat ons baie keer besef of ons kan indink.

- In 'n tyd toe die Babiloniërs Jerusalem beleër het, en dit uiters ellendig gegaan het, het die Here Jeremia gestuur om sy genade aan hierdie troostelose mense te verkondig.
- Om die volk se geloof so sterk te maak dat hulle sonder twyfel aan die beloftes kan vashou, stel die Here Homself eers bekend.
  - Hy is die Here wat dit doen.
  - Hy is die Here wat skep.
  - Hy is ook die Here wat alles bestier.

Waarom hierdie stewige herinnering aan wie die Here is?

- Omdat die Here aan sy gelowiges genade wil openbaar wat van sodanige aard is dat dit groter is as hulle begripsvermoë.
- Dis ondeurgrondelik.

Die volk was in 'n toestand waarin die Here se straf besig was om hom op hulle te wreek.

- Van hulle huise was gesloop en deur die vyand teen die buitekant van die stadsmuur opgegooi om te help om oor die muur te kan klim.
- Vers 5 vertel dat daardie huise vol dooie mense was.
- Om die ellende nog skerper op hierdie mense af te druk, sê die Here dat dit inderdaad Hy is wat hierdie mense verslaan het in sy toorn oor al die sondes wat die mense van die stad gepleeg het.
- Die Here sê dat al hierdie dinge die teken daarvan is dat Hy sy gesig vir die stad verberg het.

Die volk het nie in hulle wildste drome gedink dat hulle ooit uit hierdie toestand kon uitkom nie.

- Die Here het geweet dat hulle wel daar kan uitkom as Hy hulle daaruit wil haal.
- Hy het die almag en die liefde om dit te doen.
- Daarom hierdie indringende bekendstelling van wie Hy is en wat Hy sal doen.

Dan rig die Here Hom direk tot sy volk – tot ons!

**Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.** (Jeremia 33:3 AFR1953)

Roep My aan en Ek sal jou antwoord en My aan jou openbaar.

- Hoe gaan die Here antwoord en wat is dit wat Hy gaan openbaar?
- Hy gaan verlossing openbaar.

Daar is talle voorbeelde in die Bybel waar hierdie woord **aanroep** gebruik word vir mense wat in hulle nood bid, en elke keer gaan dit saam met die verlossing van die Here.

(4:4) **Weet tog dat die HERE vir Hom 'n gunsgenoot afgesonder het; die HERE hoor as ek Hom aanroep. (5) Sidder, en moenie sondig nie; spreek in julle hart op julle bed, en wees stil.** (Psalm 4:3, 4 AFR1953)

'n Psalm van Dawid. **Ek roep U aan, o HERE! My rots, draai nie stilswygend van my af weg nie, sodat ek nie, as U teenoor my bly swyg, word soos die wat in die kuil neerdaal nie.** (Psalm 28:1 AFR1953)

(30:9) **Ek het U aangeroep, HERE, en ek het die HERE gesmeek:**  
(Psalm 30:8 AFR1953)

(55:17) **Maar ek, ek roep God aan, en die HERE sal my verlos.**  
(Psalm 55:16 AFR1953)

(57:3) **Ek roep God, die Allerhoogste, aan, God wat dit vir my voleindig. (57:4) Hy sal uit die hemel stuur en my verlos terwyl hy wat my vertrap, my smaadheid aandoen. Sela. God sal sy goedertierenheid en sy trou stuur.**  
(Psalm 57:2-3 AFR1953)

Hierdie saak van bid en smee en die Here verhoor op sy tyd, geld vir ons ook soos wat dit vir hierdie mense geld het vir wie Jeremia gepreek het.

Die Here sal sy genade vir sy volk teruggee: Nie met woorde nie, maar wel met dade. Dis sy belofte aan hulle

- Wanneer die volk weer die Here aanbid, sal hulle die wonderlike vervulling daarvan sien.
- Onder hulle was daar baie verwondes: Die Here sal hulle genees en gesondmaak.
- Om hulle is oorlog en dood: Die Here sal 'n duursame vrede gee – dit is 'n vrede wat tot in ewigheid duur.

Die Here gee dus liggaamlike herstel. Saam met die liggaamlike herstel sal die Here ook geestelike herstel tot stand bring.

- Die Here se genade is so groot dat Hy die volk sal reinig van al hulle sondes.
- Dit gebeur wanneer die sondes wat die volk doen omgeskep word in geregtigheid.
- Eintlik gebruik die Here twee woorde om te sê wat Hy met ons gaan doen in sy genade: Hy gaan ons **reinig** en ons **vergewe**.

Kom ons luister net weer na Jeremia 33:8:

**En Ek sal hulle reinig van al hulle ongeregtigheid waarmee hulle teen My gesondig het, en vergewe al hulle ongeregtighede waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het.** (Jeremia 33:8 AFR1953)

Hierdie vers maak een ding baie duidelik:

- Die fisiese en stoflike herstel wat die Here aan ons belowe, het 'n geestelike ondergrond.
- Wanneer daar innerlike verandering plaasvind, kom die uiterlike verandering eers tot stand.
- Daarom staan daar in ons teksvers dat *ons die Here eers moet aanroep*, dan gee Hy sy seën in oorfloed.
- Van vers 6 af leer die Here dan ook dat Hy ons lot fisies en geestelik sal verander.

Waarmee laat dit ons vandag?

- Ons staan voor dieselfde roeping as die mense van Juda wat opgeroep word tot bekering en aanbidding.
- Tog met 'n klein verskil: die Here het sy seën in die dood en oorwinning van sy Seun Jesus Christus reeds oor ons bevestig.

Die Drie-Enige God roep ons vandag om aan sy tafel te kom aansit om liggaamlik en geestelik herinner te word aan die feit dat ons liggaamlik en geestelik deel het aan die verlossing wat Hy bewerk het aan die kruis.

- Net soos aan Juda, bevestig die Here aan ons sy beloftes so ver vooruit as tot in die Nuwe Jerusalem.
- Deur die kruis van die Here Jesus Christus kry ons toegang na 'n stad toe waar daar vir ewig vreugde is – 'n stad waar die stem van die bruid en die Bruidegom gehoor gaan word.
- Maar dan is dit nie twee mense wat gaan trou nie – dit is dan die ewige bruilof van die Lam en sy Bruid – die Here Jesus en die Kerk.

Die rustigheid van veetroppe wat wei en getel word in die aand laat iets deurskemer van alle haat en dood wat verbygegaan het.

- Alle straf is voltrek en afgehandel.
- Dan lewe ons saam met ons Skepper in sy ewige heerlikheid.

Kom sit aan die tafel van die Here, en terwyl ons eet en drink, gedenk ons die genade van die ewige God wat dit alles vir ons waar maak.

**Amen.**

Gebed

Skrifberyming 19-1 (47)

- 1 Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.  
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal  
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef  
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Formulier

Psalm 23:1, 2, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsgeware, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,  
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –  
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 116

Slotgebed

Slotpsalm 66:1 (p. 320)

1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 30 Augustus 2009

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 10 Augustus 2014